



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2025

BESIGHEIDSTUDIES V1

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

AFDELING A: VERPLIGTEND

AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.

AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag noukeurig deur en neem deeglik kennis op wat vereis word.

Let daarop dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae wat in AFDELING B gekies is en die antwoorde op die EERSTE vraag wat in AFDELING C gekies is, nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.
4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne geskryf word.
5. Gebruik die punttoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A: Objektiewe-tipe vrae VERPLIGTEND	1	30	20
B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.	2	40	70
	3	40	
	4	40	
C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.	5	40	30
	6	40	
TOTAAL		150	120

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.
8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.

1.1.1 Hierdie Wet maak voorsiening vir die stigting van die Nasionale Verbruikerskommissie (NVK).

- A Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 van 1998)
- B Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008)
- C Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998)
- D Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005)

1.1.2 Die onlangse styging in die petrolprys beïnvloed ernstig die bedrywighede van die vervoerbedryf. Dit is 'n voorbeeld van 'n ...

- A swak punt.
- B geleentheid.
- C bedreiging.
- D sterk punt.

1.1.3 ABC-handelaars het ... beheer oor die uitdagings wat verband hou met sy visie en missieverklaring.

- A geen
- B beperkte
- C minder
- D volle

1.1.4 Vuka Bpk. het die ...-prosedure gebruik toe hulle 'n vakature geïdentifiseer en geskikte kandidate daarvoor gelok het.

- A keuring
- B sifting
- C werwing
- D plasing

1.1.5 Die ...-funksie is verantwoordelik om rekords op datum te hou om akkurate belastingbetalings te verseker.

- A administratiewe
- B finansiële
- C aankope
- D openbare betrekkinge

(5 x 2) (10)

- 1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

interne; leerlingskap; administratiewe; tersiêre; eksterne; internskap; sekondêre; bestuurstelsel; beheer; menslike hulpbronne

- 1.2.1 'n ... ooreenkoms sluit 'n praktiese opleidingsgeleentheid in wat tot 'n kwalifikasie kan lei.
- 1.2.2 Beauty Paints is in die ... sektor bedrywig, aangesien hulle in die vervaardiging van verskillende soorte verf spesialiseer.
- 1.2.3 Zweni Enterprise het hul vakatures op die intranet geadverteer. Dit is 'n voorbeeld van ... werwing.
- 1.2.4 'n Raamwerk wat besighede help om sleutelprosesse te bestuur, staan as (n) ... kwaliteit bekend.
- 1.2.5 Die ...-funksie is verantwoordelik om betroubare inligting betyds aan bestuur te verskaf. (5 x 2) (10)

- 1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Nasionale Vaardigheids-ontwikkeling	A	besighede neem hul verskaffers oor
1.3.2	Voorwaarts vertikaal	B	invoere word deur handelsooreenkomste beperk
1.3.3	Ekonomiese faktor	C	groot besighede gebruik effektiewe marknavorsing
1.3.4	Afdanking	D	die vaardigheidstekorte in die SA-werksmag word aangespreek
1.3.5	Totale klante/kliëntetevredenheid	E	besighede neem hul verspreiders oor
		F	beëindiging van die dienskontrak weens wangedrag
		G	groot besighede neem tyd om prosesse en stelsels te implementeer
		H	invoere word beperk deur skommeling in buitelandse valuta
		I	die lae vlak van taal- en wiskundige vaardighede onder die jeug word aangespreek
		J	beëindiging van die dienskontrak as gevolg van herstrukturering

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

- 2.1 Noem enige TWEE tipes verlof soos in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997) gestipuleer. (2)
- 2.2 Beskryf kortliks hoe die Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerhede (SOOO's) befonds word. (6)
- 2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ROBERTS VERVAARDIGERS (RV)

Roberts Vervaardigers spesialiseer in die vervaardiging van eksklusiewe meubels. Hulle het 'n daling in verkope waargeneem as gevolg van die afname in die inkomstevlakke van klante.

- 2.3.1 Noem die PESTWO-faktor wat van toepassing is op RV in die scenario hierbo. (2)
- 2.3.2 Beveel maniere aan waarop RV die uitdagings kan hanteer wat deur die PESTWO-faktor genoem in VRAAG 2.3.1, veroorsaak word. (4)
- 2.4 Verduidelik die regte van werkgewers ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995). (4)
- 2.5 Bespreek TWEE tipes defensiewe strategieë. (6)
- 2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

PETER DRUKKERS (PD)

Peter Drukkers is 'n drukkery in die Oos-Kaap. PD laat hul werkers toe om oortyd te werk wanneer nodig. Peter Drukkers se werknemers is by die Vergoedingsfonds geregistreer. PD verseker ook dat die masjinerie in 'n goeie werkende toestand is.

- 2.6.1 Haal TWEE maniere uit die scenario hierbo aan waarop PD voldoen aan die Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (WVBBS), 1997 (Wet 61 van 1997). (2)
- 2.6.2 Bespreek die negatiewe impak van WVBBS op besighede. (4)
- 2.7 Verduidelik die doel van die Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005). (6)
- 2.8 Stel maniere voor waarop besighede aan die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997) kan voldoen. (4)

[40]

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHED

- 3.1 Noem enige DRIE aspekte wat in 'n induksieprogram ingesluit moet word. (3)
- 3.2 Beskryf kortliks die rol van die aansoeker/kandidaat tydens die onderhoud. (6)
- 3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SUPERSAVE (SS)

SuperSave is 'n algemene handelaar in Oos-London. SS verkoop kruideniersware en ander noodsaaklikhede aan arm gemeenskappe. SuperSave-werknemers word betaal vir die tyd wat hulle by die werk deurbring. SS dra ook tot die mediese hulp van hul werknemers by.

- 3.3.1 Identifiseer die tipe salarisbepalingsmetode wat SS in die scenario hierbo gebruik. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (3)
- 3.3.2 Evalueer die impak van die byvoordele op besighede. (4)
- 3.4 Bespreek die implikasies van die Wet op Gelyke Indiensneming op die Menslike Hulpbronfunksie. (4)
- 3.5 Verduidelik die betekenis van *Totale Gehaltebeheer (TGB)*. (4)
- 3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BENJI BEPERK (BB)

Benji Beperk vervaardig hoë kwaliteit speelgoedprodukte. BB verseker dat die finale produkte die eerste keer reg is met geen defekte nie. Benji Beperk verbeter hul produkgehalte deur die implementering van TGB-praktyke.

- 3.6.1 Identifiseer die gehaltekonsep in die scenario hierbo. (2)
- 3.6.2 Verduidelik die impak van TGB indien dit swak deur besighede geïmplementeer word. (4)
- 3.7 Beskryf hoe besighede TWEE stappe van die BDKH-siklus kan toepas. (6)
- 3.8 Adviseer besighede oor die gehalte-aanwysers van die bemarkingsfunksie. (4)

[40]

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE**BESIGHEIDSOMGEWINGS**

- 4.1 Noem enige VIER regte van verbruikers ingevolge die Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008) (WVB). (4)
- 4.2 Beskryf kortliks die voordele van diversifikasie-strategieë. (6)
- 4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

TEDDY MOTORS (TM)

Teddy Motors koop en verkoop motors in Gqeberha. TM het onlangs twee swart vroue bevorder as onderskeidelik die hoof van finansies en openbare betrekkinge. Teddy Motors gebruik Khwela Vervoerdienste om werkers na en van die werk te vervoer.

Identifiseer TWEE pilare van die BBSEB-wet waaraan TM voldoen in die scenario hierbo. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n GIDS om VRAAG 4.3 te beantwoord.

PILARE	MOTIVERINGS
1.	
2.	

(6)

- 4.4 Adviseer besighede oor strawwe/gevolge vir nie-nakoming van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998). (4)

BESIGHEIDSBEDRYGWIGHEDE

- 4.5 Noem VIER bronne van eksterne werwing. (4)
- 4.6 Bespreek die regsvereistes van 'n indiensnemingskontrak. (6)
- 4.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

WALLY ENTERPRISE (WE)

Wally Enterprise ontwerp 'n geïntegreerde benadering wat die koste van gehalte verminder. WE stel die gebruik van gehaltesirkels bekend om maniere te bespreek om die gehalte van werk te verbeter. Wally Enterprise se werknemers verbeter kommunikasie oor gehalte-uitdagings en leer uit ervaring. Werknemers is moontlik nie voldoende opgelei nie, wat tot swak gehalte produkte lei.

- 4.7.1 Haal TWEE maniere uit die scenario hierbo aan waarop TGB die koste van kwaliteit verminder. (2)
- 4.7.2 Verduidelik ander maniere waarop TGB die koste van kwaliteit kan verminder. (4)
- 4.8 Adviseer besighede oor die rol van gehaltesirkels as deel van voortdurende verbetering van prosesse en stelsels. (4)

[40]**TOTAAL AFDELING B: 80**

AFDELING C

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van die vraag, wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy OF VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (STRATEGIEË)

Die strategiese bestuursproses behels 'n reeks stadiums wat besighede help om volhoubare groei en mededingende voordeel te bevorder. Besighede pas Porter se Vyf Kragte-model toe om mededingend in die markomgewing te bly. Intensiewe strategieë verbeter die langtermyn groei van 'n besigheid en om winsgewend te bly. Besighede moet strategieë evalueer.

Skryf 'n opstel oor besigheidstrategieë waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die *strategiese bestuursproses*.
- Verduidelik hoe besighede die volgende kragte van Porter se Vyf Kragte-model kan toepas:
 - Bedingingsmag van verskaffers
 - Krag van mededingers/Mededingende wedywing
- Bespreek DRIE tipes intensiewe strategieë.
- Gee besighede raad oor die stappe in strategie-evaluering.

[40]**VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (GEHALTE VAN PRESTASIE)**

'n Goeie gehaltebestuurstelsel bied talle voordele. Besighede moet die verskil tussen gehaltebestuur en gehalteprestasie ken. Groot besighede moet bewus wees van die impak van die sleutelemente van totale gehaltebestuur (TGB). Deur te fokus op die gehalteprestasie van produksiefunksies, kan besighede langtermyn sukses behaal.

Skryf 'n opstel oor die gehalte van prestasie waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel.
- Verduidelik die verskille tussen *gehaltebestuur* en *gehalteprestasie*.
- Bespreek die impak van die volgende TGB-elemente op groot besighede:
 - Voldoende finansiering en kapasiteit
 - Deurlopende verbetering van prosesse en stelsels.
- Gee besighede raad oor hoe gehalte van prestasie van produksie tot die sukses van die besigheid kan bydra.

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2025

BESIGHEIDSTUDIES V1 NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 30 bladsye.

NOTAS AAN NASIENERS

1. INLEIDING

Die notas aan nasieners word voorsien vir gehalteversekeringsdoeleindes om die volgende te verseker:

- (a) Regverdigheid, konsekwentheid en betroubaarheid in die nasienstandaard
- (b) Fasiliteer die moderering van kandidate se skrifte op verskillende vlakke
- (c) Vereenvoudig die nasienproses met inagneming van die breë spektrum nasieners oor die hele land
- (d) Implementeer toepaslike maatreëls in die onderrig, leer en assessering van die vak by skole/onderwysinstellings

- 2. Kandidate se antwoorde vir AFDELING B en C moet in volsinne wees. Dit sal egter van die aard van die vraag afhang.
- 3. Omvattende nasienriglyn word voorsien, maar dit is geensins volledig nie. Behoorlike oorweging moet gegee word aan 'n antwoord wat korrek is, maar:
 - 'n Ander uitdrukking gebruik as wat in die nasienriglyn gegee word
 - Uit 'n ander betroubare bron kom
 - Oorspronklik is
 - 'n Ander benadering gebruik

LET WEL: Daar is slegs EEN korrekte antwoord in AFDELING A.

- 4. Neem kennis van ander verwante antwoorde deur kandidate verskaf, wat verband hou met 'n spesifieke vraag en ken punte dienoreenkomstig toe. (In die geval waar die antwoord onduidelik is of 'n mate van begrip aandui, moet deelpunte toegeken word, byvoorbeeld een punt in plaas van die maksimum van twee punte.)
- 5. Die woord 'Submaks' word gebruik om die toekenning van punte binne 'n vraag of subvraag te vergemaklik.
- 6. Die doel daarvan om punte aan die regterkant te omkring (gelei deur 'maks.' in die uiteensetting van die punte) is om konsekwentheid en akkuraatheid te verseker met die nasien van die skrifte en modereringsproses.
- 7. Subtotale van vrae moet in die regterkantlyn geskryf word. Omkring die subtotale, soos aangedui by die toekenning van punte. Dit moet deur 'maks' in die nasienriglyn van punte gelei word. Slegs die totaal vir elke antwoord moet in die linkerkantlyn langs die toepaslike vraagnommer verskyn.
- 8. In 'n indirekte vraag moet die teorie en die antwoorde relevant en met die vraag verband hou.

9. Korrekte nommering van antwoorde van vrae of subvrae in AFDELING A en B word sterk aanbeveel. Indien die nommering verkeerd is, volg die volgorde van die kandidaat se antwoorde. Kandidate sal gepeenaliseer word, indien laasgenoemde nie duidelik is nie.
10. Geen addisionele krediet moet vir die herhaling van feite gegee word nie. Dui aan met 'n 'H'.
11. Die verskil tussen 'evalueer' en 'kritiese evaluering' kan soos volg verduidelik word:
- 11.1 Wanneer 'evalueer' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem, bv. **Positief:** 'COIDA verminder tyd en koste wat spandeer word ✓ op lang siviele hofgedinge. ✓
- 11.2 Wanneer 'kritiese evaluering' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem. In hierdie geval word van kandidate ook verder verwag om hulle antwoorde te ondersteun met dieper insig, bv. 'COIDA verminder tyd en koste ✓ wat spandeer word op lang siviele hofgedinge, ✓ want die werkgewer sal nie verantwoordelik wees om vergoeding aan die werknemer te betaal as beserings opgedoen is tydens werksure nie, solank as wat die besigheid kan bewys dat hy nie agterlosig was nie.' ✓
- LET WEL:**
1. Bogenoemde kan ook van toepassing wees op 'analiseer'.
 2. Let op die plasing van die merkie (✓) in die toekenning van punte.
12. Die toekenning van punte moet gelei word deur die aard van die vraag, kognitiewe werkwoord wat gebruik is, puntetoekenning in die nasienriglyn en die konteks van elke vraag.
- Kognitiewe werkwoorde, soos:
- 12.1 Adviseer, noem, beskryf in breë trekke, motiveer, aanbeveel, stel voor, (*lys nie volledig nie*) vereis gewoonlik nie veel diepte in kandidaat se antwoorde nie. Die uiteensetting van punte vir elke stelling/antwoord sal dus aan die einde daarvan verskyn.
- 12.2 Definieer, beskryf, verduidelik, bespreek, brei uit, onderskei/toon vaardighede, differensieer, vergelyk, tabuleer, ontwerp, analiseer, evalueer, evalueer krities (*lys nie volledig nie*) vereis meer diepgaande begrip, toepassing en beredenering. Die punte moet dus meer objektief toegeken word om te verseker dat assessering volgens die vasgestelde norme geskied, sodat eenvormigheid, konsekwentheid en regverdigheid behaal kan word.
13. Sien slegs die EERSTE antwoord na waar kandidate meer as een antwoord in AFDELING B en C gee waar slegs een antwoord gevra word.

14. AFDELING B

- 14.1 Indien, byvoorbeeld, VYF feite vereis word, sien die kandidaat se EERSTE VYF antwoorde na en ignoreer die res van die antwoorde. Dui dit aan deur 'n lyn deur die nie-nagesiende gedeelte te trek.

LET WEL:

1. Dit is slegs van toepassing waar die getal feite gespesifiseer word.
2. Die bostaande is ook van toepassing op antwoorde in AFDELING C (waar van toepassing).

- 14.2 Indien twee feite in een sin geskryf word, gee VOLLE krediet aan die kandidaat. Punt 14.1 geld steeds.

- 14.3 Indien daar van kandidate verwag word om hulle eie voorbeelde/menings te gee, beredeneer dit ten einde die alternatiewe antwoorde te finaliseer.

14.4 Gebruik van kognitiewe werkwoorde en toekenning van punte:

- 14.4.1 Waar die getal feite gespesifiseer word, vrae wat vereis dat kandidate moet 'beskryf/bespreek/verduidelik', kan dit soos volg nagesien word:

- Feit 2 punte (of soos aangedui in die nasienriglyn)
- Verduideliking 1 punt (twee punte sal in Afdeling C toegeken word)

Die 'feit' en 'verduideliking' word apart in die nasienriglyn gegee om die toekenning van punte te vergemaklik.

- 14.4.2 Indien die getal feite nie gespesifiseer word nie, moet punttoekenning gelei word deur die aard van die vraag en die maksimum punte in die nasienriglyn toegeken.

- 14.5 **EEN punt kan toegeken word vir antwoorde wat maklik is om te herroep, wat een woord as antwoord vereis of wat direk aangehaal word uit 'n scenario/gevallestudie. Dit is spesifiek van toepassing op AFDELING B EN C (waar van toepassing).**

15. AFDELING C

- 15.1 Die punte-uiteensetting vir die opsteltipe vrae is soos volg:

Inleiding	Maksimum: 32
Inhoud	
Gevolgtrekking	
Insig	8
TOTAAL	40

15.2 Insig bestaan uit die volgende komponente:

Struktuur/Uitleg	Is daar 'n inleiding, paragrafe en 'n gevolgtrekking?	2
Analise	Is die kandidaat in staat om die vraag in opskrifte/sub-opskrifte te ontleed/korrek te interpreteer sodat begrip van wat gevra word, getoon word? Punte toegeken volgens die gids hieronder: Alle opskrifte aangespreek: 1 (Een 'A') Interpretasie (16 tot 32 punte): 1 (Een 'A')	2
Sintese	Is daar relevante besluite/feite/antwoorde gemaak wat op die vrae gebaseer is? Opsie 1: Slegs relevante feite: 2 punte (Geen '-S') Waar 'n kandidaat 50% of meer (twee tot vier subvrae) van die vraag met slegs relevante feite beantwoord het, verskyn geen '-S' in die linkerkantlyn nie. Ken die maksimum van TWEE (2) punte vir sintese toe. Opsie 2: 'n Paar relevante feite: 1 punt (Een '-S') Waar 'n kandidaat minder as 50% (slegs een subvraag) van die vraag met slegs OF 'n paar relevante feite beantwoord het, verskyn een '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n maksimum van EEN (1) punt vir sintese toe. Opsie 3: 'n Paar relevante feite: 1 punt (Een '-S') Waar 'n kandidaat VIER subvrae beantwoord, maar een/twee/drie subvrae met geen relevante feite; verskyn een '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n maksimum van EEN (1) punt vir sintese toe. Opsie 4: Geen relevante feite: 0 punte (Twee '-S') Waar 'n kandidaat minder as 50% (slegs een subvraag) van die vraag met geen relevante feite beantwoord het nie, verskyn twee '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n NULPUNT vir sintese toe.	2
Oorspronklikheid	Is daar bewyse van twee voorbeelde, nie ouer as twee (2) jaar wat gebaseer is op aktuele inligting, huidige neigings en ontwikkelings?	2
TOTAAL VIR INSIG:		8
TOTALE PUNTE VIR FEITE:		32
TOTALE PUNTE VIR OPSTEL (8 + 32):		40

- LET WEL:**
1. Geen punte sal toegeken word vir inhoud wat herhaal word uit die inleiding en gevolgtrekking nie.
 2. Die kandidaat verbeur punte vir uitleg indien die woorde **INLEIDING** en **GEVOLGTREKKING** nie voorkom nie.
 3. Geen punte sal toegeken word vir uitleg as die opskrifte **INLEIDING** en **GEVOLGTREKKING/SLOT** nie deur 'n verduideliking ondersteun word nie.

- 15.3 Dui insig in die linkerkantse kantlyn aan met 'n simbool, bv. ('S, A, -S en/of O').
- 15.4 Die komponente van insig word aan die einde van die voorgestelde antwoord/ nasienriglyn vir elke vraag aangedui.
- 15.5 Sien alle relevante feite na totdat die SUBMAKS/MAKS punte vir elke onderafdeling behaal is. Skryf 'SUBMAKS'/'MAKS' nadat maksimum punte behaal is, maar lees verder vir oorspronklikheid 'O'.
- 15.6 Aan die einde van elke opstel, dui die toekenning van punte vir feite en punte vir insig soos volg aan: (S – Struktuur, A – Ontleding, S – Sintese, O – Oorspronklikheid) soos in die tabel hieronder aangedui.

INHOUD	PUNTE
Feite	32 (maks.)
S	2
A	2
S	2
O	2
TOTAAL	40

- 15.7 Wanneer punte vir feite toegeken word, neem kennis van die submaksimum wat aangedui word, veral as kandidate nie dieselfde subopskrifte gebruik nie. Onthou opskrifte en subopskrifte word aangemoedig en dra by tot insig (struktuur/logiese vloei/volgorde) en dui duidelikheid van denke aan. (Sien PUNTE-UIEENSETTING aan die einde van elke vraag.)
- 15.8 Indien die kandidaat die vraag VERKEERD identifiseer/interpreteer, kry hy/sy steeds punte vir die uitleg.
- 15.9 Indien 'n ander benadering deur kandidate gebruik word, maak seker dat antwoorde geassesseer word in ooreenstemming met die puntetoekenning/subopskrifte soos aangedui in die nasienriglyne.
- 15.10 15.10.1 Ken TWEE punte toe vir volledige sinne. Ken EEN punt toe vir frases/sinsdele, onvoltooide sinne en vae antwoorde.
- 15.10.2 Met ingang van November 2015 sal die TWEE punte nie noodwendig aan die einde van elke voltooide sin getoon word nie. Punte (✓) sal geskei wees en langs elke feit aangedui word, bv. 'Produkontwikkeling is 'n groeistrategie, ✓ waar ondernemings poog om nuwe produkte in bestaande markte bekend te stel.' ✓
Dit sal deur die aard en konteks van die vraag, sowel as die kognitiewe werkwoord wat gebruik is, gelei word.
- 15.11 Met ingang van November 2017 sal die maksimum van TWEE (2) punte vir feite in die nasienriglyne as opskrifte getoon, nie noodwendig vir elke vraag geld nie. Dit sal deur die aard van die vraag bepaal word.

AFDELING A**VRAAG 1**

- 1.1 1.1.1 B √√
 1.1.2 C √√
 1.1.3 D √√
 1.1.4 C √√
 1.1.5 B √√

(5 x 2) (10)

- 1.2 1.2.1 leerlingskap √√
 1.2.2 sekondêre √√
 1.2.3 interne √√
 1.2.4 bestuurstelsel √√
 1.2.5 administratiewe √√

(5 x 2) (10)

- 1.3 1.3.1 I √√
 1.3.2 E √√
 1.3.3 H √√
 1.3.4 F √√
 1.3.5 C √√

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30**UITEENSETTING VAN PUNTE**

VRAAG 1	PUNTE
1.1	10
1.2	10
1.3	10
TOTAAL	30

AFDELING B

SIEN slegs die EERSTE TWEE antwoorde na.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS**2.1 TWEE tipes verlof**

- Siekteverlof ✓
- Jaarlikse verlof ✓
- Gesinsverantwoordelikeverlof ✓
- Kraamverlof ✓
- Ouerskapsverlof/Aannemingsverlof ✓
- Vaderskapsverlof ✓

LET WEL: Sien slegs die eerste TWEE (2) na.

(2 x 1) (2)

2.2 Befondsing van SOOO's

- Vaardigheidsontwikkelingsheffings word deur werkgewers aan SAID betaal as 'n invorderingsagentskap vir die regering. ✓✓
- Werkgewers wie se salarisrekening meer as R500 000 per jaar oorskry moet een persent (1%) van hul jaarlikse salarisse as 'n heffing betaal. ✓✓
- Die verskillende SOOO's ontvang tagtig persent (80%) van die heffing vir organisatoriese uitgawes en die oorblywende twintig persent (20%) word aan die Nasionale Vaardigheidsfonds betaal. ✓✓
- Donasies/toelaes ontvang van die publiek/besighede/KMI-programme. ✓✓
- Surplusfondse ontvang van regeringsinstellings. ✓✓
- Fondse ontvang uit die lewering van hul dienste. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met hoe SOOO's befonds word.

Maks. (6)

2.3 PESTWO FAKTOR**2.3.1 PESTWO-faktor uit die scenario**

Sosiaal ✓✓

(2)

2.3.2 Maniere waarop besighede die uitdagings wat deur die sosiale faktore veroorsaak word, kan hanteer

- Verkoop plaasvervangende/generiese produkte teen laer pryse as gevolg van lae vlakke. ✓✓
- Leer plaaslike tale/Stel werknemers aan wat goed vertrou is met die plaaslike taal. ✓✓
- Besighede moet goed vertrou wees met die eise van hul kliënte. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere waarop besighede die uitdagings wat deur sosiale komponent as 'n PESTWO-faktor veroorsaak word, kan hanteer.

LET WEL: Aanvaar relevante feite selfs al is die PESTWO-faktor verkeerdelik as 'n antwoord in VRAAG 2.3.1 geïdentifiseer.

Maks. (4)

2.4 Regte van werkgewers ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995)

- Werkgewersorganisasies te vorm ✓ om hulle in arbeidsverwante sake te verteenwoordig. ✓
- Vorm bedingingsrade ✓ vir kollektiewe bedingingsdoeleindes. ✓
- Werknemers uit te sluit ✓ wat aan arbeidsaksies /onbeskermde/ onwettige stakings deelneem. ✓
- Ontslaan werknemers ✓ wat aan 'n onbeskermde staking/wangedrag soos intimidasie/geweldpleging gedurende stakings deelneem. ✓
- Om nie 'n werknemer wat aan 'n wettige staking deelgeneem het, te betaal/vergoed ✓ vir dienste/werk wat hulle nie tydens die staking gedoen het nie. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die regte van werkgewers ingevolge die WAV. **Maks. (4)**

2.5 Tipes defensiewe strategieë

2.5.1 Ontbondeling/Vervreemding ✓✓

- Raak ontslae van/Verkoop sommige bates/afdelings/departemente wat nie meer winsgewend/produktief is nie. ✓
- Verkoop van afdelings/produklyne wat stadige groeipotensiaal toon. ✓
- Vermindering van die aantal aandeelhouders, deur eienaarskap te verkoop. ✓
- Skulde af te betaal deur onproduktiewe bates te verkoop. ✓
- Onttrekking/Disinvestering van hul beleggingsaandeel in 'n ander besigheid. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met ontbondeling/vervreemding as 'n tipe defensiewe strategie.

Strategie (2)
Beskrywing (1)
Submaks (3)

2.5.2 Aflegging ✓✓

- Beëindiging van indiensnemingskontrakte/Ontslag van werknemers vir operasionele/strukturele/herstruktureeringsredes/om koste/uitgawes te verminder. ✓
- Vermindering van die aantal produklyne/sluiting van sekere afdelings kan daartoe lei dat sommige werkers oortollig raak. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met aflegging as 'n tipe defensiewe strategie.

Strategie (2)
Beskrywing (1)
Submaks (3)

2.5.3 Likwidasie ✓✓

- Verkoop van alle bates/Die beëindiging van die sake-aktiwiteite as gevolg van die onvermoë om krediteure terug te betaal/bankrotskap/gebrek aan kapitaal. ✓
- Verkoop die hele besigheid om sodoende 'n billike prys aan aandeelhouders vir hul aandele te betaal. ✓
- Krediteure word toegelaat om vir gedwonge likwidasie aansoek te doen om sodoende hul eise te vereffen. ✓
- Maatskappye in finansiële nood/moeilikhed kan aansoek doen vir sakeredding om likwidasie te vermy. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met likwidasie as 'n tipe defensiewe strategie.

Strategie (2)
Beskrywing (1)
Submaks (3)

LET WEL: Sien slegs die eerste TWEE (2) na.

Maks. (6)

2.6 Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (WVBBS)

2.6.1 Voldoening aan WVBBS

- Peter Drukkers se werknemers is by die Vergoedingsfonds geregistreer. ✓
 - PD verseker ook dat die masjinerie in 'n goeie werkende toestand is. ✓
- (2 x 1) (2)

2.6.2 Negatiewe impak van WVBBS op besighede

- Eisprosedures ✓ kan tydrowend wees. ✓
- Prosedures wat deur hierdie Wet vereis word, kan duur wees ✓, aangesien papierwerk 'n ekstra administratiewe las op besighede plaas. ✓
- Werkgewers moet al hul werkers registreer ✓ en jaarlikse bydraes tot WVBBS maak, wat tot kontantvloeiprobleme kan lei. ✓
- Werkgewers kan gedwing word om swaar boetes te betaal ✓ indien hulle skuldig bevind word aan nalatigheid/nie-afdwinging van veiligheidsmaatreëls nie. ✓
- Implementeringsprosesse/prosedures wat deur die Wet vereis word ✓ kan duur wees. ✓
- Militêre werkers/Werkers wat tydelik/permanent in die buiteland in diens is ✓ word nie gedek nie. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die negatiewe impak van WVBBS op besighede.

Maks. (4)

2.7 Doel van die Nasionale Kredietwet (NKW)

- Om die sosiale en finansiële welstand ✓ van alle Suid-Afrikaners te bevorder. ✓
- Om verantwoordelike kredietverlening te bevorder ✓ en roekelose kredietverlening te voorkom. ✓
- Om die Nasionale Kredietreguleerder ✓ en Nasionale Krediettribunaal te stig. ✓
- Bevorder 'n billike ✓ kredietmark. ✓
- Verseker dat kredietburo's/kredietverskaffers geregistreer is ✓ om verbruikersuitbuiting te voorkom. ✓
- Maak seker dat verbruikers weet ✓ wat in hul kredietkontrakte ingesluit is. ✓
- Voorkom diskriminasie ✓ en verseker dat krediet vir alle verbruikers beskikbaar is. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die doel van die NKW.

Maks. (6)**2.8 Maniere om aan die WBDV te voldoen**

- Werkers moet slegs 9 uur per dag in 'n 5-dae werkweekse werk. /8 uur per dag in 'n 6-dae werkweek./Oortyd moet nie 10 uur per week oorskry nie. ✓✓
- Werkers kan tot ses weke betaalde siekteverlof neem gedurende 'n 36-maande siklus. ✓✓
- Werkers moet dubbel betaling ontvang as hulle gedurende openbare vakansiedae/Sondae werk. ✓✓
- Hulle moet 'n pouse van 60-minute neem na vyf ure se werk. ✓✓
- Besighede moet nie kinders onder die ouderdom van 16 in diens neem nie. ✓✓
- Verseker dat die indiensnemingskontrakte geen aspek van die vereistes van die WBDV oortree nie. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die maniere om aan die WBDV te voldoen.

**Maks. (4)
[40]****UITEENSETTING VAN PUNTE**

VRAAG 2	PUNTE
2.1	2
2.2	6
2.3.1	2
2.3.2	4
2.4	4
2.5	6
2.6.1	2
2.6.2	4
2.7	6
2.8	4
TOTAAL	40

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

3.1 DRIE aspekte van 'n induksieprogram

- Veiligheidsregulasies en -reëls. ✓
- Oorsig van die besigheid. ✓
- Inligting oor die besigheidsprodukte/dienste. ✓
- Vergadering met senior bestuur wat die maatskappy se visie/waardes/posbeskrywings/daaglikse take sal verduidelik. ✓
- Toer van die perseel. ✓
- Bekendstelling van sleutelpersone en nabye kollegas. ✓
- Diensvoorwaardes soos werksure/verlofaansoekproses/dissiplinêre prosedures. ✓
- Administratiewe besonderhede oor stelsels/prosesse/logistiek. ✓
- Bespreking van die dienskontrak en diensvoorwaardes. ✓
- Bespreking oor personeelbeleide soos die maak van privaat oproepe/gebruik van die internet, ens. ✓
- Bespreking oor werknemervoordele. ✓
- Korporatiewe sosiale verantwoordelikhedsprogramme. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met aspekte wat in 'n induksieprogram ingesluit moet word.

LET WEL: Sien slegs die eerste DRIE (3) na.

(3 x 1) (3)

3.2 Rol van die aansoeker/kandidaat tydens die onderhoud

- Groet die onderhoudvoerder by die naam met 'n stewige handdruk en 'n vriendelike glimlag. ✓✓
- Luister aandagtig na die vrae voordat jy antwoord. ✓✓
- Maak oogkontak en gebruik goeie lyftaal. ✓✓
- Toon selfvertroue en het 'n positiewe houding. ✓✓
- Toon respek en behandel die onderhoud met die nodige belangrikheid. ✓✓
- Wees nuuskierig en toon belangstelling in die besigheid. ✓✓
- Vra duidelikheidsoekende vrae oor die aangebode werk/posisie. ✓✓
- Wees eerlik oor jou foute en verduidelik hoe jy dit hanteer het. ✓✓
- Ken jou sterk- en swakpunte en wees voorbereid om dit te bespreek. ✓✓
- Bedank die onderhoudvoerder vir die geleentheid wat gegee is om deel te wees van die onderhoud. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die rol van die kandidaat/aansoeker tydens die onderhoud.

Maks. (6)

3.3 Tipe salarisbepalingsmetode uit die scenario

- 3.3.1
- Tydverwant ✓✓
 - **Motivering:** SuperSave-werknemers word betaal vir die tyd wat hulle by die werk deurbring. ✓

LET WEL: Moenie die punt vir die motivering toeken indien die salarisbepalingmetodes verkeerd geïdentifiseer is.

Identifikasie (2)

Motivering (1) (3)

3.3.2 Impak van byvoordele op besighede

Voordele/Positiewe

- Aantreklike byvoordeelpakkette ✓ kan lei tot hoër werknemerretensie/ verminder werknemeromset. ✓
- Lok gekwalifiseerde/vaardige/ervare werknemers ✓ wat positief tot die besigheidsdoelwitte/doelstellings kan bydra. ✓
- Verbeter produktiwiteit ✓ wat tot hoër winsgewendheid lei. ✓
- Dit verhoog werknemertevredenheid/lojaliteit ✓ aangesien hulle bereid mag wees om die ekstra myl te loop. ✓
- Besighede spaar geld ✓ omdat byvoordele van belasting afgetrek kan word. ✓
- Byvoordele kan as hefboom ✓ by salarisonderhandelinge gebruik word. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die positiewe impak/voordele van byvoordele op besighede.

EN/OF

Nadele/Negatiewe

- Besighede wat nie byvoordele kan bied nie ✓ slaag nie daarin om vaardige werkers te lok nie. ✓
- Besighede wat werknemers verskillende byvoordeelplanne aanbied ✓ kan ongelukkigheid veroorsaak. ✓/Werknemers wat minder byvoordele ontvang, is ongemotiveerd wees ✓ wat tot laer produktiwiteit lei. ✓
- Dit kan lei tot konflik/korrupsie lei ✓ indien dit onregverdig toegewys word. ✓
- Byvoordele is 'n bykomende koste ✓ wat tot kontantvloei probleme kan lei. ✓
- Verminder besigheidswins, ✓ omdat byvoordele-/pakket-/vergoedingskoste hoër is. ✓
- Administratiewe kostes verhoog ✓ omdat byvoordele korrek vir belastingdoeleindes aangeteken moet word. ✓
- Werkers bly slegs by die besigheid ter wille van die byvoordele, ✓ en is nie altyd toegewyd/lojaal aan die taak/besigheid nie. ✓
- Besighede moet adviseurs/prokureurs betaal ✓ om hulle te help om byvoordeelplanne saam te stel wat aan wetgewing voldoen. ✓
- Foute in voordeelplanne ✓ kan lei tot duur regsdinge/regulatoriese boetes. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die negatiewe impak/nadele van byvoordele op besighede.

Maks. (4)

3.4 Implikasies van die Wet op Gelyke Indiensneming op die menslike hulpbronsfunksie

- Bied gelyke betaling √ vir werk van gelyke waarde. √
- Stel gelyke indiensnemingsplanne saam √ wat aandui hoe hulle regstellende aksie sal implementeer. √
- Verseker dat regstellende aksie √ diversiteit in die werkplek bevorder. √
- Die menslikehulpbronsbestuurder moet werknemers billik behandel √ en gelyke geleenthede in die werkplek bevorder/bied. √
- Herlei/Ontwikkel/Lei aangewese groepe op √ deur vaardigheidsontwikkelingsprogramme. √
- Definieer die aanstellingsproses duidelik √ om te verseker dat alle partye goed ingelig is. √
